Stadsraad vir nuwe munisipale vereistes. Nuwe werk kan met sukses hier in die fasade ingepas word.

Klassifikasie: 6; potensiaal 2.

Erfnommer: 117
Straatnommer: Ueckermann 38



Enkelverdieping apteek met pleistermure, swaar artikuleerde kroonlys en borsweringmuur. Aluminiumtoonvensters en seilkappe oor sypaadjie. Goeie toestand.

Aanbevelings: Bewaar en hou in stand. Stewige groepsbeeld na vorige gebou word voortgesit.

Klassifikasie: 3.

Erfnommer: 117
Straatnommer: Ueckermann 40



Dubbelverdieping bankgebou met gekapte klipplint, pleister rustiekwerkmure verder versier met pilasters wat vanaf grond tot daklyn deurloop. Op grondverdieping twee ingangspedimente; dakbalustrademuur. Groot boogvenster. Goeie toestand.

Aanbevelings: Behou en gebruik vir huidige funksie.

Klassifikasie: I/R-2.

Erfnommer: 135
Straatnommer: Ueckermann 42




Hoë enkelverdieping bankgebou met swaar teëldak bo projekterende kroonlys. Klipgekapte plint en ryk artikuleerde pleisterpilasters om houtvensters. Toegang




Figuur 3.40 - Standard Bank, Ueckermannstraat 40.

Figuur 3.41 - Handelsgebou, Ueckermannstraat 42.



soos vir vorige, maar een deur is nou toegebou. Toestand goed.

Aanbevelings: Soos vir vorige.

Klassifikasie: I/R-2

Erfnommer: 135
Straatnommer: 42




Dubbelverdieping gebou met geverfde steenmure en pleisterwerkversierings. Swaar muur- en kroonlys en verdere versiering om vensters in pare. Goeie toestand.

Aanbeveling: Bewaar en onderhou.

Klassifikasie: I/R-2

Erfnommer: 135
Straatnommer: Ueckermann 44



Enkelverdieping skakelhuis (nou kantore) met pleistermure en groot veranda by straat. Sinkdak.

Aanbevelings: Behou. Daar kan hoër gebou word agter huise.

Klassifikasie: 4

Erfnommer: 141
Straatnommer: Ueckermann 46



Enkelverdieping woonhuis, drasties verander op straatkant, huisves vandag besighede.

Aanbevelings: Dra sorg met toekomstige ontwikkeling.



Figuur 3.42 - Metodistekerk, Ueckermannstraat 48.

Klassifikasie: 5

Erfnommer: 141
Straatnommer: Ueckermann 48




Metodistekerk opgerig 1895. Pleistermure, spitssaaldak tussen gewels en met hoë dakventilators. Gotiese vensters en steunbere. Goeie toestand.

Aanbevelings: Bewaar

Klassifikasie: 3

Erfnommer: 524



NG Kerk (Klipkerk) reeds Nasionale Gedenkwaardigheid. Ook NG kerksaal (A J Louw-gebou). Laasgenoemde gebou is ongelukkig geplaas en versteur groot oop klaarheid van kerk op sy enkele terrein.

Aanbevelings: Plant twee rye lae bome voor gebou aan Verwoerdstraatkant.

Klassifikasie: A J Louwgebou 5.


Erfnommer: 588



Stadsaal (1939) ontwerp deur Gerard Moerdyk en 'n goeie voorbeeld van sy eklektisisme. Stewige teenpool vir kerk oorkant Verwoerdstraat.

Aanbevelings: Bewaar en gebruik.

Klassifikasie: 2



Figuur 3.43 - Die Ou Tronk, Jordaanstraat.

2.16 LOSSTAANDE GEBOUE OF GEBOUE IN KLEINER GROEPE

6.1 Klassifikasie: 1 in volgende gevalle.

Tronk. Kliptronkgebou in goeie toestand langs Jordaanstraat.

Aanbevelings: Verklaar die gebou tot Nasionale Gedenkwaardigheid. Ondersoek moontlikheid van inrigting as (Jeug-) herberg wat skakel met wandelroete vanaf Kloof langs spruit na dorp.

Klassifikasie: I/R

Erfnommer: 31
Straatnommer: Pretorius 85-87




Groot enkelverdieping woonhuis (ca 1865) met twee gewels na Pretoriusstraat; klipplint, pleistermure en kalfstandwerk op hoeke, erkervensters, dekoreerde gewelventilators en spitsversierings, volledige gepleisterde straatmuur langs Fenter- en Maraisstraat, draadheining langs Pretoriusstraat; verwaarloosde uitgelegde voortuin; vrugteboorde en leidam agter asook losstaande buitegeboue. Paul Kruger het glo werklik hier gebly tydens die Eerste Vryheidsoorlog!

Aanbevelings: Verklaar die gebou tot Nasionale Gedenkwaardigheid. Restoureer na kundige ondersoek. Gebou nou in swak toestand. Bou straatmuur langs Pretoriusstraat en herstel voor en agtertuine.

Klassifikasie: 1/M

Erfnommer: RE 161
Straatnommer: Strydom 58-62



Figuur 3.44 - Maréstraat 54-56.



Enkelverdieping stoepkamerhuis (ca 1872) met rupleistermure. Oorspronklike kothuis na straat waarby stoepkamers (waarskynlik) later aangebou is met borsweringmure en plat afdak. Gedeeltelike straatklipmuur. Mooi buitegebou in swak toestand.

Aanbevelings: Verklaar die gebou tot Nasionale Gedenkwaardigheid. Restoureer na deeglike en kundige ondersoek.

Klassifikasie: 1/M of 1/R

Erfnommer: 165
Straatnommer: Marè 54-56



Groep buitegeboue met klip- en gepleisterede mure; staandakke; versteek vanaf straat. Direk langs moontlike wandelroete.

Aanbevelings: Verklaar tot Nasionale Gedenkwaardigheid of ondersoek moontlike herbruik as woonhuis sonder verandering aan buitekant.

6.2 Klassifikasie: 2 in volgende gevalle.


Erfnommer: RE 32
Straatnommer: Pretorius 81-83



Enkelverdiepingwoonhuis (kaart en Transport, 1865) met twee gewels en latere stoepkamer; windvere met figuursaagwerk; Latere stoepkolomme. Vorm goeie beeld met huis op erf 31 langsaan en dateer uit selfde tydperk.

Aanbevelings: Bewaar en hou in stand.

Erfnommer: 1/113




Figuur 3.45 - Fenterstraat 40.

Straatnommer: Fenter 40



Enkelverdiepingwoonhuis met geverfde klipplint, pleistermure, staandak en latere toegeboude afdak na agter. Netjiese veranda op kolomme en lae balustrademuur; hout- en glasdeure na veranda; draadheining. Redelike toestand.

Aanbevelings: Bewaar; bou straatmuur.

Erfnommer: RE 131
Straatnommer: Fenter 42-44



Hoë enkelverdieping Vrymesselaarslosie in goeie toestand. Rooi siersteenmure in Engelse verband, sinkdak. (blykbaar) goed bewaarde interieur. Straatmuur.

Aanbevelings: Bewaar; ondersoek hergebruik.

Erfnommer: 3423
Straatnommer: Strydom 93-95



Enkelverdieping woonhuis met klipplint en pleistermure, tentdak. Voorafvervaardigde tuinmuur.

Aanbevelings: Bewaar. Vervang tuinmuur.

Erfnommer: B/136
Straatnommer: Strydom 97-99



Dubbelgewels met erkers en veranda tussen-in, woonhuis naby straat. Voorafvervaardigde tuinmuur.

Aanbevelings: Bewaar. Vervang voorafvervaardigde tuinmuur.

Erfnommer: RE 136
Straatnommer: Strydom 101



Enkelverdieping woonhuis met ventileerde straatgewel en erkervenster; veranda op pilare en balustrademuur, digby straat. Siersteen en staalwerk straatmuur.

Aanbevelings: Bewaar.

Erfnommer: -/136
Straatnommer: Strydom 103.



Woonhuis (1935) met lae holbolgewel, veranda en spitsdak.

Aanbevelings: Huisklassifikasie eintlik 5, maar vorm goeie groep met vorige huise in Strydomstraat.

Algemene Aanbevelings: Geboue vanaf erf RE 32 in Pretorius tot by laasgenoemde, vorm 'n goeie groep en straatbeeld behalwe vir die leë erf op h/v Strydom- en Fenterstraat. Dit skakel met Verwoerdstraat en neem die huishoudelike straatbeeld deur tot by Hospitaalstraat. Sorg en versorg hierdie groep.

6.3 Klassifikasie: 4 in die volgende gevalle.

Algemene aanbevelings: Ondersoek hierdie groep geboue en bepaal watter beskerm kan word. Geboue wat spesiale aandag geniet word met 4(A) aangedui.



Erfnommers: 5A en 5B
Straatnommer: Marais 85-87 en Fenter 1-5



Erfnommer: 262
Straatnommer: Jordaan 2-4

Klassifikasie: 4(A)



Erfnommer: 40
Straatnommer: Marais 52

Klassifikasie: 4(A)



Erfnommer: RE 52
Straatnommer: Pretoriusstraat 1-3

Klassifikasie: 4(A)



Erfnommer: A/51
Straatnommer: Pretorius 7

Klassifikasie: 4(A)



Erfnommer: Res/50
Straatnommer: Pretorius 11

Klassifikasie: 4



Erfnommer: -/47
Straatnommer: Pretorius 21-33

Klassifikasie: 4



Erfnommer: 39
Straatnommer: Pretorius 53-55

Klassifikasie: 4

Erfnommer: 1/37



Straatnommer: Pretorius 61-63

Klassifikasie: 4; Straatmuur 4



Erfnommer: 36
Straatnommer: Pretorius 65

Klassifikasie: 4; straatmuur 4



Erfnommer: 35
Straatnommer: Pretorius 69

Klassifikasie: 4



Erfnommer: 15/-
Straatnommer: Begeman 3

Klassifikasie: 4

Erfnommer: RE/74
Straatnommer: Begeman

Klassifikasie: 4 (kyk van der Westhuizenstraat)



Erfnommer: 94
Straatnommer: Begeman 42 en 44

Klassifikasie: 4



Erfnommer: 119/B
Straatnommer: Jacobs 41

Klassifikasie: 4(A) Groepswaarde met huise langs Jacobsstraat vanaf van der

Westhuizenstraat.



Erfnommer: NU 155
Straatnommer: Jacobs 2-4
Klassifikasie: 4



Erfnommer: RE 155
Straatnommer: Strydom 1-3
Klassifikasie: 4(A) ook buitegebou



Erfnommer: 138
Straatnommer: Strydom 85-87

Klassifikasie: 4



Erfnommer: 3071
Straatnommer: Strydom 70-72

Klassifikasie: 4



Erfnommer: RE 198
Straatnommer: Merz 17-19

Klassifikasie: 4




Erfnommer: 196
Straatnommer: Merz 25-27

Klassifikasie: 4



Erfnommer: 214
Straatnommer: Merz 60

Klassifikasie: 4




Figuur 3.46 - Alle plekke binne die studiegebied wat van 1 tot 4 klassifiseer is.



Erfnommer: 1/1306-6
Straatnommer: Spruyt 26

Klassifikasie: 4



Erfnommer: A/82
Straatnommer: Fenter 28

Klassifikasie: 4(A) groepswaarde met erf 1/88 by Verwoerdstraat.



Erfnommer: 207
Straatnommer: Fenter 77

Klassifikasie: 4, by rivier



Erfnommer: 211
Straatnommer: Marè 69

Klassifikasie: 4, by rivier



Erfnommer: 39
Straatnommer: Ueckermann 11

Klassifikasie: 4(A)



Erfnommer: 23
Straatnommer: du Preez 1

Klassifikasie: 4(A), by toegang vanaf N3



Erfnommer: 785
Straatnommer: du Preez 56



Klassifikasie: 4 (Stal)



Erfnommer: RE 1304
Straatnommer: Pypsteel vanaf van der Westhuizenstraat tussen 71 en 73.

Klassifikasie: 4(A)

6.4 Klassifikasie: 6 Afbrekende beelde

Erfnommer: 13
Straatnommer: Ueckermann 5-7

Nuwe gebou uit skaal en konteks.

Erfnommer: 177
Straatnommer: Ueckermann 49-63

Onooglike straatmuur.

Erfnommer: 215
Straatnommer: Merz 56-58

Leë erf bederf die ruimtelike kwaliteit vanaf Plein en om Ueckermannstraat; kort element, verkieslik gebou, om diè ruimte te voltooi.

Erfnommer: 2672 Volledige blok

Sekuriteitsheining is onooglik en uit konteks.